# SWERWER UIT DIE WESTE

DEUR BRAAM LE ROUX




TEMMERS VAN DIE WOESTYN • No 23

## INHOUDSOPGAAF


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| I. | By die Waterkuile ... ... ... ... | 3 |
| II. | Twee Meisies ... ... ... ... ... | 23 |
| III. | Die Dood dra 'n Masker ... ... ... | 45 |
| IV. | Geheim by die Waterval ... ... ... | 67 |
| V. | Weer in die Wapad ... ... ... ... | 88 |


*Alle boeke in die Reeks speel in die jare* 1880—1900 *af.*

Hoofstuk I

## BY DIE WATERKUILE

'N DWARRELWIND slinger lui die lug in. Dit warrel hier voor die perd se pote verby en beweeg in die rigting van die Rooiberge.

Roux Naudé staar die skommelende stofwolk agterna. Dit is die soveelste keer dat hy vandag een teenkom. Hulle verskyn skielik op die horison, krul die lug in soos 'n reuse-slang en wals dan nader. Dit is vir Roux Naudé 'n teken van droogte. Hierdie tyd van die jaar kry die Kalahari darem altyd 'n bietjie reën, maar vanjaar het dit nog nie gebeur nie.

Die hitte op die vlakte is ondraaglik. Dit lyk selfs asof die kameeldorings deur 'n meedoënlose son verskroei staan.

Die jongman stuur sy perd onder die skraal skaduwees van 'n vaalbos in. Die perd se asem ruk deur sy liggaam. Roux streel hom oor die gespierde nek waaraan die Kalahari-sand vaskleef.

Die voet van die Rooiberge is hier by hom, geen twee myl van hom verwyder nie, en daar hoop Roux om water in die hande te kry, water vir sy perd en vir hom, want Donder is alreeds die hele dag sonder water. Vanoggend vroeg het hulle die sendelingstasie by Khosis verlaat, en vanoggend het hulle laas 'n druppel water oor hulle lippe gehad, om nie eens te praat van kos nie. Maar Donder en Roux se uithou-vermoë is groot.

Roux vryf oor sy gesig. Die stoppelbaard steek al selfs sy hande en hy weet dat die stof daaraan vasgekoek is. Ja, hy het 'n week laas 'n skeermes daaroor laat gly, en hy weet ook nie wanneer hy weer 'n geleentheid sal kry om respektabel te lyk nie. Hy weet dat Kuruman hier agter die Rooiberge lê, seker nog omtrent ses myl te perd van hier af.

Donder se geel vel lyk ook verwaarloos. Die Kalaharisand het hier en daar op die sweetkolle gaan vaskoek, en die swart

maanhare is vaal van die stof wat gedurende die dag aanhoudend teen hulle vasgewaai het.

Die son sak reeds vinnig en die wind het effens gaan lê, hoewel Roux nog die luggie hier agter sy nek kan voel, 'n bedompige luggie wat dwarsoor die woestyn in die rigting van die berge waai.

Roux kyk 'n slag na die wit rotse teen die hange van die Rooiberge. Die blik van sy grys oë dwaal oor die kloof wat tussen die rotsagtige berge lê. Van hier af kan hy 'n koel spelonk sien, begroei met groen bosse. Onwillekeurig besnuif hy die lug, asof hy water van hierdie afstand af sal kan ruik.

Hy stoot die geweerband oor sy skouer effens reg, want die kolf hinder al om hom hier op sy stuitjie te druk wanneer die perd beweeg. Aan sy regtersy, in 'n verbleikte leerskede, dra hy 'n rewolwer wat hy lanklaas gebruik het.

„Kom, Donder, dit is nie meer ver nie. Ons kan vannag heerlik uitrus en dan weer môre in die pad val."

Donder proes en beweeg vorentoe. Roux stryk sy vaal kuif agteroor en rig sy blik maar weer voor hom op die berge en die lokkende groen bosse. Hy sug. Daar sal darem kos wees vir Donder om te vreet.

Binne enkele minute bereik hulle die bosse aan die voet van die Rooiberge. Donder pluk dadelik gulsig aan die groen blare van 'n rosyntjiebos. Roux hou hom dadelik in om die dier geleentheid te gee om nog 'n happie te neem.

Skielik spits die perd sy ore en tuur voor hom uit tussen die bosse deur. Roux het die geluid ook 'n oomblik gelede gehoor. Hy sit regop in die saal. Dit is mense wat sing, 'n sleperige liedjie wat deur die lug draal, af en toe verwaai word deur die woestynbries wat almaar aandruk van die sandvlaktes af asof hy groot sake in die berge het.

Dit is vir Roux 'n bekende wysie, maar hy kan die woorde nie opvang nie. Hy is egter seker dat hy dit in vergete dae in 'n klipkerkie gehoor het. Hy is oortuig daarvan dat dit 'n gewyde lied is.



Hy raak die dier met sy spore aan en nou trippel die perd tussen die bosse in. Die gesing word duideliker. Daar is meer as een wat daardie temerige, somber lied sing. Nou weet Roux dat dit 'n psalm is. Watter mense sing so 'n somber, droewige psalm hier aan die voet van die Rooiberge? Kan dit Kleurlinge wees wat besoek ontvang het van 'n sendeling?

Weemoedig klink die stemme tussen die bosse op. Roux byt sy lippe styf opmekaar. Hy begin die psalm saamneurie. Hy ken die psalm nou. 'n Maand gelede het hy dit in Suidwes gesing:

*„Salig hy wat in die lewe,*
*sonder hulp en sonder raad,*
*vlug tot God, sy Toeverlaat . . ."*

Roux se lippe voel ineens kurkdroog en dit is of sy tong in sy mond geswel is. Hy dink onwillekeurig terug aan die plek ver agter die westerhorison wat hy verlaat het, en ineens dink hy aan plekke waarheen hy kan vlug, plekke ver anderkant die horison voor hom. Toe hy saam met Donder hierdie reis begin het, het hy geen bestemming gehad nie, geen doel nie, en op hierdie tydstip weet hy ook nog nie waarheen hy gaan nie en wanneer sy reis sal eindig nie.

Op hierdie tydstip voel hy maar net lus om rond te dool en onder die sterre te oornag. Dit is asof die sterre en die maanlignagte die nodige rus vir hom bring, die streling wat hy so nodig het. Dit is die grootsheid van donker nagte onder 'n hangkrans, wat hom sal genees van die bitterheid en blinde wrok.

Hy stuur Donder oor 'n dowwe paadjie tussen die bosse, en 'n endjie verder hou hy sy perd in die skaduwees van 'n kameeldoring in.

Hier staan die groepie mense voor hom, geen dertig tree van hom af nie. Dis blankes. Daar is vier mans en 'n hele paar kinders en slegs een vrou, 'n jong meisie. Hulle staan met geboë hoofde, en Roux kan die grafstene tussen die lang gras sien. Dit is net soos hy verwag het. Die mense is besig

om iemand te begrawe. Hy sien dat die jong vrou besig is om bitterlik te huil. Haar vuiste is krampagtig gebal.

Roux staar die singendes met 'n knop in sy keel aan. Die psalm weerklink teen die wit rotse aan, swewe oor die groen bosse wat effens in die wind geroer word. 'n Endjie van die grootmense af staan 'n jong seun met 'n halfmas-broek. Hy hou die perd vas wat voor 'n bokkie ingespan is. Roux kan sien dat hy met sy toon in die los sand speel. 'n Paar tree van hom af sit 'n opgeskote dogtertjie op 'n gladde klip. Haar vlegsels hang laag op haar skouertjies. Sy kyk eenkant toe, sommer asof sy diep dink oor die weë van die lewe, asof sy nou reeds trag om 'n beeld te vorm van die hoekom en waarom van die lewe en die dood.

Oor die sand naby die grafte kom 'n tolbos aangedans. Dit wip 'n endjie tussen die grasse deur, huiwer oomblikke teen 'n wit grafsteen en huppel dan weer verder, om eindelik tot rus te kom aan die voete van die meisie wat haar vuiste nog steeds bal.

Roux kyk haar stip aan. Onder haar kappie loer haar bruin hare uit, en van hier af lyk dit vir Roux asof sy donkerblou oë kan hê.

Die vreemde swerwer kry ineens die idee dat sy nie huil vanweë oorstelpende verdriet nie, maar weens verbittering, weens iets soos magtelose haat. Mens bal jou vuiste so as jy wil wraak neem en daar niks is om op wraak te neem nie.

Roux sit regop en stil op sy perd. Die prentjie hier voor hom pak hom beet. Dit is 'n intieme toneeltjie, so asof hy deel van hierdie tragedie is. Maar hy ken die mense nie. Onbewus van sy teenwoordigheid gaan hulle voort met die droewige seremonie. Weldra hoor Roux hoe die eerste kluite hol op die kis klap. Die groepie lyk vir hom so nietig hier aan die voet van die berg tussen die bosse. Hier staan hulle alleen met hulle eie gedagtes. Die lied weerklink tot diep in Roux se siel.

Hulle het nou opgehou sing en 'n ou man is nou besig om met temerige, swak stem iets uit die Bybel voor te lees. Dit



lyk asof die meisie nie meer luister nie. Sy kyk op na die ruwe rotse bokant haar. Die stem van die ou man draal onmusikaal voort. Dit laat Roux dink aan die eentonige gesanik van sonbesies op 'n hittige dag soos nou.

Die meisie het vorentoe beweeg, en die tolbos het los gekom en waai nou mal op die graf af, spring daaroor en huppel vorentoe, 'n vaal ding wat oor die sand jaag, voorspooksel van 'n knellende droogte wat oor die warm vlaktes van die woestyn aangekruip kom na die berge.

Ingedagte hou Roux die tolbos dop. Dit waai teen die rotse vas, word eindelik magteloos vasgevang in die kake van grou graniet; bly bewend soos 'n verskrikte diertjie in die klipskeur vassit.

Die ou man se preek klink nog eentonig op. Roux stroop die warm sweet van sy stoppelbaard af en lek oor sy kurkdroë lippe. Die knop wat netnou in sy keel gevorm het, het verdwyn. Hy is nou besig om die groepie hier voor hom koel en objektief te bestudeer.

Die meisie interesseer hom die meeste. Sy is slank gebou, en hy het netnou agtergekom dat haar bewegings grasieus is. Dit het haar jeug en lewenslus verraai.

Die ou man wat preek, het reeds grys hare en hy is maer en geboë. Die twee jongmans wat by hom staan, lyk ewe lewenslustig en gespierd. Albei het ligte hare en dit lyk ook of hulle ligte oë het. Maar hulle is breedgeskouerd, en Roux kan die spiere op hulle voorarms sien. Hulle lyk ervare seuns, seuns wat nie sag grootgeword het nie, seuns wat harde bene gekou het. Daar is uitdrukkings van taaiheid en durf op hulle gesigte te lees. Maar Roux weet ook dat hierdie selfde twee jongmans rof en verbete genoeg is om geen genade aan hulle vyande te betoon nie.

Twee naturelle is nou besig om die graf toe te gooi. Die ou man het opgehou met sy preek en die meisie staan nou by die graf en staar af na die kis. 'n Oomblik later draai sy om en stap vinnig na die bokkiekar. Een van die jongmans roep haar agterna:

„Moenie nou al gaan nie, Makkie! Ons gaan saam na oom Sors se huis. Ons moet dinge bespreek."

Sy steek vas, draai om en staar die jongman vas in die oë.

„Bespreek! Bespreek!" skree sy veragtelik in 'n hoë stem. „Ons bespreek te veel en ons doen te min! Dit sal nie besprekings wees wat Da Costa se mag sal breek nie; sy tirannie sal verwoes nie. Hy is steeds besig om in te palm en te moor . . . en nie een van ons het die mannemoed om sy miserabele lewe te beëindig nie . . ."

Sy voltooi haar sin nie, spring weer om en hardloop nou na die bokkie toe waar die perd nog geduldig met die seun voor hom staan en wag. Toe sy op die kar klim, ruk die perd sy kop orent en begin rondtrippel. Die seun spring haastig opsy, en skaars het die meisie die leisels in haar hande, of die perd beur vorentoe.

Die groepie daar by die graf staar haar agterna. Die persoon wat sy as Gerrie aangespreek het, staan met sy hande in sy sye en skud nou sy kop. Vir 'n oomblik lyk dit vir Roux daar op sy perd onder die boom of die mense reeds vergeet het dat hulle 'n oomblik gelede 'n treurige lied aangehef het. Dit lyk of hulle alreeds die dooie daar in die toe gat vergeet het. Dit versterk Roux se gedagtes dat hierdie mense uit ru materiaal vervaardig is, dalk self mense is wat uittartend teenoor die lewe en die dood staan, en wat self 'n lewe sal neem sonder om 'n ooglid daaroor te verroer.

En Roux haat hierdie soort mense. Hy haat mense wat hulle rusies gedurigdeur net wil uitskiet, met die rewolwer en die geweer wil beslis, mense wat geen ontsag vir hulle medemens se lewe het nie. Roux haat die knal van 'n rewolwer omdat hy ervaring het van bloedvetes wat tussen boer en boer, tussen broer en broer selfs, uitgespook word. Roux haat die kleinlike hatigheid van mense; hulle gulsigheid hier in die woestyn; hulle drifte wat hulle dryf om hulle medemens te vertrap in belang van hulle versamelinstink.

Die bokkie stamp oor die klippe en dit kom hier by Roux verby. Hy kyk stip na die meisie wat half regop op die



bokkie staan met die leisels in haar hande, 'n vasberade uitdrukking op haar fynbesnede gelaat. Roux groet, maar sy hoor hom nie eens nie. Toe sy alreeds half by hom verby is, merk sy hom op, en eers is daar iets soos verbasing op haar gesig te lees, maar 'n oomblik later verander haar gesig weer en sy raps die perd. Die dier begin galoppeer.

Roux staar haar agterna totdat die bokkie om die bosse sleep en tussen die bome verdwyn. Dan gee hy weer sy aandag aan die groepie hier voor hom. Hy glimlag skielik en klim van sy perd af, want twee man kom vinnig na hom toe aangestap. Roux sien dadelik dat dit die twee gespierde jongmans is. Hulle lyk egter glad nie vriendelik nie. Die een is 'n hele endjie groter as Roux, maar die ander een is min of meer dieselfde lengte, vyf voet elf duim in sy sokkies. Roux merk dadelik op dat hulle aggressief lyk. Die grootste een—die meisie het hom Gerrie genoem—se regterhand hang swaar by die kolf van sy rewolwer wat in 'n swart leerskede gebêre is.

Roux gaan staan langs sy perd en groet eerste.

„Goeiemiddag. Ek hoop nie ek het julle in julle gewyde uurtjie gesteur nie."

Twee tree van Roux af steek hulle vas. Gerrie vra bars:

„Wie is jy en wat soek jy hier?"

Roux frons en dan glimlag hy.

„Dit is nie vir julle kêrels nodig om so senuweeagtig te wees nie. Blykbaar hou julle nie van . . . van swerwers nie."

„Wie is jy?" kom dit weer van die breedgeskouerde Gerrie. „Ons het nie hier tyd vir te veel praatjies nie. Wat soek jy hier?"

„Dit lyk vir my juis of julle glad geen tyd het nie . . . nie eens genoeg tyd om die dooies behoorlik te versorg nie. Wat makeer? Is julle daarop uit om met almal wat hier verbyry, rusie te maak?"

Gerrie kom vinnig nader en die korter knaap spoor hom aan:

„Klap hom, Gerrie! Hy is 'n rondloper!"

Gerrie se hand skiet vorentoe, maar Roux het die vuis myle ver sien kom. Hy koes laag en dan buk hy vinnig onder Gerrie in en gooi hom die volgende oomblik oor sy skouer. Met 'n hikgeluid kom Gerrie op sy nek te lande. Hy kreun as hy opstaan, en kyk beteuterd na sy maat. Die korter gestalte het egter alreeds sy rewolwer in sy hand.

„Kyk, vreemdeling, moenie jouself sterk hou nie! Miskien sal jy my broer se vrae nou gou beantwoord!"

Roux glimlag en gaan staan teen sy perd en soek die teuels bymekaar.

„Ek hou nie van vrae nie, Gerrie se boetie . . . en ek hou ook nie van onbeskofdheid nie. Ek het julle nie gehinder nie. Ek het uit respek vir die dode wat julle so pas begrawe het, gaan stilhou. Dis al."

„Wie is jy?" raas die een met die rewolwer in sy hand nou.

Die ou man wat netnou so temerig gebid het, stap nou ook nader.

„Stadig, Anton . . . Jy en Gerrie is voorbarig. Hierdie man het ons niks gedoen nie. Laat hom gaan."

Anton hou sy rewolwer egter nog steeds dreigend op die swerwer gerig. Die ou man draai hom na Roux toe en skud sy kop.

„Ek is jammer . . . My seuns se senuwees is op hol . . . Jy sien, die duiwel is weer hier in die Rooiberge los. Ek het nou net my plaasvoorman begrawe. Hy is laas nag in die berge doodgeskiet toe hy my beeste in die kom wou laat drink. Ek is jammer. Anton, steek daardie rewolwer in jou sak."

Roux hou skielik van die ou man en hy steek sy hand uit.

„My naam is Naudé, Roux Naudé noem hulle my."

„Ek is Tobias de Swardt, ou seun. Bly om te kenne."

Mompelend bêre Anton sy rewolwer en Gerrie is besig om ys broek af te stof en vryf daarna aan sy nek. Hy het dit byna uit lit uit geval. Hy bekyk Roux nou op en af, amper asof hy nie soveel krag en ratsheid by so 'n vaal mannetjie verwag het nie.

Roux kyk Anton en Gerrie beurtelings aan.



„Dit is seker jou seuns, Oom," sê hy asof hy hulle nog as kinders beskou.

„Reg geraai . . . en hulle het reeds te veel energie, Naudé. Ek hoop jy verskoon ons. Ons moet nog ver gaan. Waar is jou reis heen?"

Daar kom 'n droë glimlaggie op Roux se gelaat. Hy skud sy kop.

„Ek ry sommer . . . Jou seun was reg . . . Ek is 'n swerwer . . . Ek het geen bepaalde destinasie nie."

„So," antwoord oom Tobias. „So, ek sien . . . jy . . . jy ry sommer . . ."

Daar is nou 'n selfbewuste, verdwaasde uitdrukking op die ou man se gesig.

Gerrie kom staan weer hier by Roux en hy meet-meet hom op en af met hatige oë.

„Die man lieg, Pa. Hy is een van Da Costa se manne. Ek ken Da Costa se soort as ek hulle sien. As Pa my wil vra, is hy die huurling wat Da Costa laat kom het . . . die huurling-moordenaar wat hy laat laat kom het om ons De Swardts en Te Groens uit te moor. Dit is hy hierdie. Dit sê ek vir pa."

Die ou man lyk onthuts.

„Gerrie, hoe durf jy so iets sê?"

Roux se een voet is in die stiebeuel en hy swaai hom nou behendig in die saal, ondanks die feit dat die hitte en die son hom reeds aansienlik uitgeput het.

Voordat hy sy teuels lig as teken vir Donder dat hulle verder gaan, sê Roux :

„Jou seuns se senuweeagtigheid het hulle agterdogtig gemaak. Hulle is van die soort wat slae soek en slae gou-gou sal kry."

Hy druk sy geweer op sy rug reg en ry dan tussen hulle verby met die bergpaadjie op.

Die kortste en blykbaar die jongste van die twee seuns, Anton, skree hom agterna :

„Jy moet onthou dat jy op ons grond is, swerwer. Sorg dat jy nie vannag hier oornag nie."

Voordat Roux kan antwoord, skree Gerrie ook luid :

„En wees gewaarsku . . . As jy die sogenaamde huurling van Da Costa is, gaan jy swaar leef, want ek sal jou bakkies op 'n afstand ken."

Roux besluit om glad nie terug te antwoord nie. Hy ry aan sonder om om te kyk. Geen plaas in die Noordweste is omhein nie. Daar is nie eens behoorlike bakens nie. Geen boer het selfs eers so iets soos dokumentêre bewys dat hy op sy eie plaas wat hy met sy eie geld en bloed gekoop het, bly nie. Die meeste het hier aan die rand van die woestyn versamel, 'n plaas vir hulle afgepen en dit vir hulle toegeëien ; of selfs 'n buurman van sy plaas verjaag of vermoor en dit self gaan bewoon. Hy sal dus nie weet of hy vannag op Piet of Paul se plaas oornag nie, maar daaraan steur hy hom nie. Hy het reeds besluit dat hy hier in die berge gaan oornag en miskien selfs 'n dag of twee in die klowe sal bly as hier goeie wild is.

Hy ry teen die steiltes op, en die klippe rol onder die moedige perd se hoewe uit. As hy op die rug van die eerste heuwel kom, kyk hy terug. Die mense daar by die grafte lyk nou klein en nietig en Roux kan sien dat die een ná die ander nou op hulle perde klim en weldra in noordelike rigting wegry.

'n Oomblik later het Roux die omgewing vergeet en ook die mense by die graf. Hy staar nou terug in die verlede en sy blik vang terloops die vertes waar hy gister en eergister dors en honger in die woestyn rondgedool het. Hy weet dat hy hier in die berge darem meer water sal kry en beter weiding vir sy perd Donder, die dier wat vir hom nie slegs 'n perd is nie, maar deel van sy, Roux, se lewe, deel van sy verlede, deel van sy pyn, van sy lyding en van die warme geluk wat hy eens gesmaak het. Daardie geluk lê nou so vaag en ver in die verlede dat hy dit nie meer in herinnering kan roep nie.



Donder proes en sak in die koeltes van die eerste kloof af. Hulle ry al langs 'n sloot omring met bosse en struike en selfs lang gras, iets wat Roux baie lank laas gesien het. Hy gee 'n sug van verligting toe Donder al in die sandsloot afry. Aan weerskante van hulle is digte bosse, en die skaduwees van die kranse val oor hulle. Dit voel verkwikkend. Die effense windjie wat waai, is koel en Roux verbeel hom selfs dat hy water kan ruik.

Roux dink weer aan die meisie wat so inderhaas, boos en uiters ontsteld daar van die grafte af weg is. Dit was vir hom van die staanspoor af duidelik dat sy nie soseer huil omdat die persoon wat hulle begrawe het, gesterf het nie, maar omdat daar 'n onmagtige woede in haar gewoel het jeens die man wat vir die persoon se dood verantwoordelik was. Tobias de Swardt het gesê dat die dooie sy plaasvoorman was. Dit is vir Roux baie duidelik dat hy op 'n bloedvete tussen twee groepe boere afgekom het. Hy ken die ou storie baie goed. Die een laat sy beeste op die ander man se grond wei, of laat hulle van sy water drink, of besteel hom, en nou veg hulle dit uit en die sterkste, baie selde die eerlikste, oorwin op die ou end. So sluk een gemene, hebsugtige boer algaande die grond van die kleiner boere in. Ja, hier aan die rand van die woestyn veg hulle omdat hulle te inhalig teenoor mekaar is, omdat die buurman beter water het, 'n groter kudde. En dan word die woestynsand en die wit klippe van die Rooiberge ook met bloed geverf wanneer die een 'n minerale bron op sy plaas ontdek het. Hier in die Kalahari vier die primitiefste, die selfsugtigste drange hoogty.

Roux klop sy perd teen sy nek en fluister in die gele se oor :

„Laat hulle maar veg, Donder. Ek en jy het dit as 'n beginsel aanvaar om nooit weer 'n vuurwapen op ons medemens te rig nie, om nooit onskuldige bloed te vergiet nie, om nooit 'n vuurwapen te gebruik as ons dit kan help nie. Ja, Donder, ek sal hierdie geweer en hierdie pistool net gebruik wanneer daar geen ander uitkoms vir jou en my meer is nie, en wanneer ons daarna voel om nog te bly lewe."